# Boekbesprekings

**Van der Merwe, J C - Regstellende aksie - Prinsipiële riglyne**

Uitgegee deur die Instituut vir Reformatoriese Studies, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Resensent: Prof A J Antonites

Vir so 'n tema is dit belangrik dat die konteks by die aanvang gestel en verantwoord word. Dit doen die outeur heel goed – sy analogie met die wedloop is toed funksioneel tot die verstaan van die aangeleentheid. Om tot 'n goeie begrip van 'n saak te kom, moet 'n filosoof somtyds sy tema afgrens van wat dit nie is nie. Dit doen die outeur deur aan te dui waarop regstellende aksie nie 'affirmative action' is nie.

Die outeur meen tereg dat objektiewe kriteria daargestel moet word om te bepaal wie in aanmerking kom vir regstellende aksie. Hy sê egter niks wat objektiewe kriteria sou wees of hoe daarby uitgekom sou kon word nie. Hy gee verder aansienlike aandag aan die vraag of regstellende aksie 'n mensereg is en die verband met 'n handves van menseregte. Logiese vraag of regstellende aksie nie teenstrydig is met die gelykheidsbeginsel nie, hanteer hy goeie argumentering en konkludeer dat daar wel 'n samehang tussen die twee skynbaar teenstellende begrippe kan wees. Hoewel hy interessante onderskeidinge maak wat die moeite werd is om ter oorweging te neem, is die kwessie van groepsregte ietwat te kort gedoen.

Hy gee heelwat aandag aan die rol wat die staat behoort te speel en die implikasies vir die ekonomie. In een argument maak hy 'n belangrike stelling dat regstellende aksie meer vereis as distributiewe geregtigheid – dit vra ook na kompenserende geregtigheid. Wat laasgenoemde is, laat hy in die lug hang!

Met betrekking tot die toepassingsgebiede gee hy aandag aan die staatsdiens, onderwys, privaatsektor, gesondheid, herverdeling van grond en die kwessie van 'n kwotastelsel.

Die prinsipiële riglyne vir aksieprogramme is goed uitgewerk. Hy wys onder meer daarop dat regstellende aksie nie mag ontaard in 'n ideologie nie, nie mense van hul morele outonomie mag beroog nie, streng gekontroleer en tydelik moet wees. Meriete, kwalifikasies en standaarde moet gehandhaaf word.

---